

2

Vusi en die vuvuzela

My sintuie

Vusi is lief vir sokker.
Hy is lief vir Bafana Bafana ...
Hy is lief vir sy sokkerbal ...
Hy is lief vir sy sokkerskoene ...
Maar hy is die liefste vir sy vuvuzela.

Hy blaas in die oggend.
Hy blaas in die middag.
Hy blaas selfs in die nag!

Voo, vooo, voooo gaan die vuvuzela.

Nee! sê mamma.
Nee! sê pappa.
Nee! sê sussie.
Nee! sê die bure.





“Probeer iets anders speel, Vusi,” sê Bra Jo.

Hy probeer Oupa se penniefluitjie. Maar dit is te sag … en dit laat jou lippe bewe.
Piep, piep, piep!

Hy probeer Bra Jo se kitaar. Maar dit is te moeilik … en dit maak jou vingers lam.
Twang, twang, twang!

Hy probeer ‘n asdrom. Maar dit ruik so sleg … dit laat sy neus jeuk!
Boem, boem, boem!





Wat kan hy doen? Hy mis sy vuvuzela.

"Kyk!" sê pappa.
Vusi kan nie sy ore glo nie.
By die wedstryd blaas Vusi sy vuvuzela so lank en hard soos hy kan.

Vooo, vooo, vooo, maak al die vuvuzelas!
Vooo, vooo, vooo!
Viva, viva!
Viva, Bafana Bafana!